## Nespan

Wen die wedvlug uit die nespan

'n Suksesvolle vliegseisoen begin reeds in die nespan. Duifies wat geteel word sonder die regte voeding en gesondheid sal NOOIT kan kers vashou by hulle ewekniee wat wel die regte versorging gehad het nie.

Baie duiweboere sukkel om te verstaan waarom hulle jong duiwe nie wil presteer nie. Daar word dan gegryp na allerhande “quick fixes” om die verlangde resultate te probeer kry. Nee meneer, die rede vir “innie bos” wees kom gewoonlik al 'n paar maande saam met jou span. Sorg vir die broeihok en hy sal vir die vlieghok sorg.

Teen hierdie tyd weet ons almal dat die kwaliteit duiwe in jou broeihok op standaard moet wees. Eintlik bo-gemiddeld as jy saam met die groot honde wil blaf. Ek gaan nie hierdie aspek bespreek nie – dit is 'n onderwerp op sy eie.

Kom ons bespreek 'n klompie punte wat reeds gedurende die broeiseisoen ons vliegprestasies van volgende seisoen kan bepaal.

1. Gesonde broeiduiwe

Begin reg. Moenie met duiwe wil teel wat ooglopend siek is nie. Maak seker dat hulle 100% gesond is voordat jy oppaar. Dit is goed om hulle vooraf te ontwurm. Ek glo egter nie daaraan om broeiduiwe op 'n voorkomende behandeling kursus te sit nie – hulle natuurlike gesondheid en immuniteit behoort van so aard te wees dat hulle gesonde kuikens sal kan grootmaak.

Jou broeiduiwe moet in dieselfde of selfs beter kondisie as jou vliegspan wees. Anders het jy hulle afgeskeep en sal jy ongelukkig die vrot vrugte pluk…

Tussen rondtes kuikens is dit baie keer wenslik om bietjie kanker of koksidiose behandeling te doen. Ons is egter baie versigtig om medikasie toe te dien aan duiwe wat kuikens voer. Indien daar egter 'n probleem in die hok is behandel eerder as wat jy met sieklike kuikens sit.

Sorg dat jou PMV entings op datum is – ons verkies om dit nie te naby aan die broeiseisoen te doen nie.

2. Te veel broeiduiwe

Baie duiweboere is gaarders. Ons is geneig om te dink dat hoe meer duiwe kombinasies ons mee teel, hoe beter is die kans om wenners te teel. So bietjie van 'n 'Liquorice Allsorts” of “Shotgun” benadering. Skiet in die bondel en kyk wat val…

Die praktiese uitvloeisel van hierdie benadering is die volgende:

– Jy teel dalk een stel babas uit 'n broeipaar. Hoe toets jy die vermoe van 'n paar duiwe met slegs twee kuikens? Jy kan nie. As jy darem 6 babas teel kan jy 'n redelike gevolgtrekking oor die paar maak. Onthou dat van die beste hokke nie eers by 'n 10% goeie duiwe in die vlieghok uitkom

nie. So in praktyk beteken dit as jy 50 babas teel is daar dalk (as jy baie baie gelukkig is) 5 wat regtig bo gemiddeld vlieg. Die res kom ook maar net huistoe.

So as jy te veel duiwe aanhou gaan jy noodwendig te min uit 'n paar teel en kan nie oortuigend bepaal of die paar nou goed of sleg is nie.

– Oorbevolking. Duiwe is baie territoriaal – hulle soek hulle eie ou plekkie om familie te bou. Daar is altyd die afknouers en dominante duiwe. Indien jy te veel duiwe aanhou sal daar defnitief duiwe wees wat daaronder lei. Hulle sal nie die kuikens mooi kan grootmaak nie en so mors jy eitlik maar jou tyd. Sorg dat jou broeihokke ruim genoeg is sodat elke ouer gemaklik kan vreet en broei. Indien dit nie die geval is nie, verminder jou duiwe. Siektes is ook meer geneig om vastrap plek te kry in hokke met te veel duiwe.

– Jy beweeg sywaarts en nie vorentoe nie. Indien jy te veel verskillende duiwe aanhou is jy nie besig om 'n familie duiwe te bou nie. 'n Familie duiwe sal jou in staat stel om volhoubaar goed te doen. Die goue draad kan identifiseer word en dan kan jy daar rondom bou en dit versterk. Met 'n "Iets van alles" benadering kruis jy voortdurend nuwe genetika in jou hok in en dan weet jy later self nie eers watse bloedlyn die duiwe is nie.

3. Te geduldig

Jy koop daardie "Super" duif teen 'n lekker stywe bedrag aan. Jou tone krul sommer nou al van die lekkerte. Die ouens gaan darem maar hande klap vir jou volgende jaar…

Jaar 1 teel jy dat die biesies bewe. 8 van daai "supers" sit nou mooi netjies in jou vlieghok. Jy begin hulle padwerk gee en op een van daardie harde tossies is 3 weg. "Bad luck" dink jy. Die ander 5 hou. So gaan jy die seisoen deur en daar is nog 3 oor. Hulle het darem so plekkie of twee gevlieg dink jy. "No too shabby" - kom ek hou hulle vir ope duiwe – dan gaan hulle roer!

Jaar 2 word die pare geruil en jy teel weer met mening vir volgende seisoen. Ongelukkig herhaal die hele proses hom. Geen goeies uit daardie duur duif nie. Maar uithaal – NOOIT. Hy het 'n moewiese pedigree. Glad nie uithaal nie. Uh uh.

En wat gebeur? Jy sit na 'n paar jaar met 'n hele hok van hierdie kamtige "Supers". En hulle is boggerol werd. Jy het agteruit geboer.

Selekteer streng. Moenie te veel geduld met 'n duif he en te sentimenteel raak nie. Ons vlieg duiwe – dis 'n wedvlug, nie 'n skoonheidskompetisie nie. Die mandjie moet selekteer sodat ons kan verbeter.

4. Hitte, vog en goggas

Die grootste deel van die Suid-Afrikaanse broeiseisoen val in die somer. Soos ons almal weet loop hitte, vog en siektes hand aan hand. Dink bietjie terug – jou eerste stel kuikens is gewoonlik pragtig. Die neste is droog en geen swak kuikens nie.

Sodra die somer inskop en so bietjie reen daarmee saam val, begin die probleme in die broeihok. Nat neste. Veerluise. Duiwe vliee.

Die probleem hier is tweeledig.

Eerstens is die meeste broeiduiwe dan besig met hul tweede of derde stel kuikens. Stress speel 'n rol veral as die voeding nie heeltemal reg was tot dusver nie. Duiwe begin water pomp vir die kuikens wat dan op sy beurt nat neste veroorsaak. Die probleem eskaleer vinnig aangesien vliee baie lief is vir nat neste en hulle eiertjies graag daar gaan le. Ewe skielik lyk die kuikens nie lekker nie. Hierdie tipe kuiken wat die veredos van 'n volwasse duif het met die bouvorm van 'n week ou duif. “Squib”

Die tweede deel van die probleem is bloot die feit dat goggas en parasiete floreer in warm vogtige omstandighede. Vliee, veerluise, muskiete ens.

Dit alles veroorsaak minder wenslike omstandighede vir gesonde kuikens teel.

Monitor dus jou span noukeurig. Elimineer eksterne parasiete deur iets met Permethrin gereeld te spuit. Hou dop dat kropkanker en koksidiose nie vatplek kry nie.

5. Nesmateriaal!

Ek is seker nie een van ons wil duiwe teel wat kan “split” nie – jy weet soos 'n gimnas wydsbeen “split”? Tog gebeur dit gereeld dat daar 'n kuiken met so identiteitskrisis sy opwagting maak. En die rede hiervoor is meestal neste sonder voldoende nesmateriaal…

Dit is een van die mees basiese goed wat baie keer afgeskeep word.

Die gebrek aan nestmateriaal lei gewoonlik ook dan tot nat neste en op sy beurt siektes en swak kuikens.

Geskikte nesmateriaal is iets soos:
Koring strooi
Denne naalde
Cat litter
ens.

Dit maak nie eintlik saak wat jy gebruik nie – solank dit nie toksies is nie en die vog kan absorbeer, is dit reg.

6. Observasie

Hou jou duiwe dop. Die ouers sowel as die kuikens. Jy sal gou sien as daar honger kuikens is. Of as die ouers begin water pomp. Nat neste moet vermy word. Probeer om die probleem te identifiseer en reg te stel so gou moontlik. 'n Week se nalatigheid kan 'n seisoen se sukses belemmer.

7. Voeding

Duiwe wat kuikens voer is nie lief vir mielies nie. Ons gebruik 'n mengsel wat hoog in proteine is. Babas wat groei het proteine nodig om lekker sterk word. “Pellets” is goed vir broeiduiwe – dit is hoog in proteine en voer boonop maklik.

Ons het gevind dat broeiduiwe wat te veel kos het wat rondle, swakker voer as duiwe wat alles opvreet en dan weer gevoer word. Dus – broeiduiwe met aptyt vreet beter en voer beter. Maar moet onder geen omstandighede jou broeiduiwe ondervoed nie. Hulle moet genoeg kos kry.

8. Natuurlike immuniteit en vitaliteit

Moenie jou tyd mors met babas wat gepamperlang wil word nie. Daardie swakkes wat lyk of hulle hulself jammer kry - sal nooit 'n kampioen word nie – teel eerder 'n ander een.

9. Medikasie gedurende die broeiseisoen

Soos gemeld moet medikasie oordeelkundig gebruik word gedurende die broeiseisoen. Jy wil babas so natuurlik moontlik grootmaak. Indien daar wel 'n probleem opduik sal jy moet ingryp voor die kuikens skade opdoen. Doen dit egter oordeelkundig! Bly weg van antibiotika sover dit moontlik is.

10. Speen van jonges

Speen jou jonges op 'n ouderdom wat hulle self kan vreet maar nie te sterk is nie. Dit sal hulle in staat stel om vinnig in die vlieghok aan te pas en nie 'n knou te kry nie. Jonges wat te sterk gespeen word is geneig om makliker weg te raak om die hok.

Maak seker dat jou jonges nie gespeen word sonder om hulle teen PMV (Paramyxo Virus) te ent nie. Dit is een van die mees kritiese dinge wat gedoen MOET word.

Jonges moet so spoedig moontlik buite die vlieghok begin rondloop sodat hulle kan leer hoe lyk hulle omgewing.